


# REIK UIT IN ONTFERMING

*As jy die Saligmaker se voorbeeld van ontferming volg, sal jy vind dat jy 'n verskil in ander mense se lewens kan maak.*

Ontferming is om bewus te wees van ander se nood tesame met ŉ behoefte om dit te verlig of te versag. ŉ Verbond om die Saligmaker te volg is ŉ verbond van ontferming om "mekaar se laste te dra" (Mosia 18:8). ŉ Opdrag om na ander om te sien is ŉ geleentheid om te dien soos die Here sou: "Julle moet barmhartigheid bewys" (Judas 1:22). Die Here het beveel: "Bewys liefde en barmhartigheid die een aan die ander" (Sagaría 7:9).

**Die Saligmaker se Ontferming**

Ontferming was ŉ dryfkrag in die Saligmaker se bediening (sien kantlyn: "ŉ Ontfermende Saligmaker"). Sy ontferming oor sy medemens het Hom op ontelbare geleenthede laat uitreik na diegene om Hom. Hy kon mense se behoeftes en begeertes onderskei, en Hy kon hulle seën en onderrig op maniere wat die meeste vir hulle saak gemaak het. Die Saligmaker se begeerte om ons bo ons nood te lig het tot die uiterste daad van ontferming gelei: Sy Versoening vir die sondes en lyding van die mensdom.

Sy vermoë om te reageer op die behoeftes van die mense is iets waarna ons kan streef wanneer ons dien. As ons waardig lewe en luister na die influisteringe van die Gees, sal ons geïnspireer word om uit te reik op sinvolle maniere.

**Ons Verbond van Ontferming**

Hemelse Vader wil hê dat sy kinders ontfermend moet wees (sien 1 Korinthiërs 12:25–27). Om ware dissipels te word, moet ons ontferming ontwikkel en aan andere toon, veral diegene wat in nood verkeer (L&V 52:40).

Ons het die naam van Jesus Christus op ons geneem deur ons doopverbond, ons getuig dat ons gewillig is om barmhartigheid uit te oefen. President Henry B. Eyring, Tweede Raadgewer in die Eerste Presidensie, het geleer dat die gawe van die Heilige Gees ons help om dit te

doen: "Jy is ŉ verbondslid van die Kerk van Jesus Christus. . . .

"Dit is waarom jy ŉ gevoel het om iemand wat sukkel om voort te beweeg onder ŉ las van droefheid en probleme te wil help. Jy het belowe dat jy die Here sou help om hulle laste ligter te maak en hulle te vertroos. Jy is die mag gegee om te help om daardie laste ligter te maak toe jy die gawe van die Heilige Gees ontvang het."[1]

Byvoorbeeld, ŉ suster in Rusland het ŉ moeilike familiesituasie gehad wat haar verhoed het om vir meer as ŉ jaar kerk toe te gaan. ŉ Ander suster in die tak het elke Sondag in ontferming na haar uitgereik deur haar te bel en haar te vertel van die praatjies, lesse, sendingroepings, babas wat gebore is en ander nuus van die tak. Toe hierdie huisgebonde suster se familiesituasie opgelos is, het sy gevoel dat sy nog steeds deel van die tak was as gevolg van haar vriendin se weeklikse oproepe.

**NOTA**

1. Henry B. Eyring, "The Comforter," *Liahona,* Mei 2015, 18.

## VIER WENKE OM ONTFERMING TE ONTWIKKEL

Terwyl ontferming dikwels vermeerder nadat ons ons eie beproewings ervaar het, is daar ŉ paar dinge wat ons vandag kan doen om ontferming te ontwikkel. Oorweeg maniere waarop jy hierdie vier beginsels kan toepas:

**Bid daarvoor.** As jy Hemelse Vader smeek, sal Hy jou hart oopmaak en "jy sal ŉ opregte besorgdheid vir die ewige welvaart en geluk van ander mense voel" (*Preach My Gospel: A Guide to Missionary Service* [2004], 118; sien ook Moroni 7:48).

**Beoefen dit.** Jy kan ook ontferming toon deur te luister en begrip. Plaas jouself in hulle situasie en oorweeg hoe hulle moet voel. As dit gepas is vir die situasie en tyd, kan jy aanbied om te help om hulle pyn, lyding of nood te verlig.

**Volg influisteringe.** Die Here kan maniere aan ons bekendmaak hoe om ontferming te toon wat ons nie op ons eie sou sien nie. Wanneer jy ŉ influistering van die Gees voel om ander te help, moenie huiwer om daarop te reageer nie.

**Wees ŉ persoonlike vriend.** Om ontferming te toon kan so eenvoudig wees as om ware belangstelling in hulle lewens te toon. Leer om goed te luister (sien "Bedieningsbeginsels: Vyf Dinge wat Goeie Luisteraars Doen," *Liahona,* Junie 2018, 6–9). Jou liefde vir hulle sal toeneem, en dit sal makliker wees om maniere te herken om daardie liefde te toon.

## 'N ONTFERMENDE SALIGMAKER

Oorweeg dit om sommige van hierdie skrifture te bestudeer om te sien hoe Jesus Christus se ontferming Hom beweeg het om te genees, seën, en diegene om Hom te leer gedurende sy bediening: Matthéüs 9:35–38; 14:4; 18:27, 33; 20:30–34; Markus 1:40–42; 5:19; 6:30–42; 9:22; Lukas 7:13; 10:33; 15:20.

Beginsels van bediening is bedoel om ons te help om te leer hoe om vir mekaar te sorg—nie om as ŉ boodskap voorgelê te word nie. Soos wat ons diegene wat ons dien, leer ken, sal die Heilige Gees ons lei om te weet watter boodskap hulle mag benodig bo en behalwe ons sorg en deernis.

© 2018 deur Intellectual Reserve, Inc. All rights reserved. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17.
Vertaling van *Ministering Principles, July 2018.* Afrikaans. 15050 501